Saterdag **10 Februarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 8:31-59 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Johannes 8:31**

**Die verskil tussen ’n ware geloof en ’n skyngeloof**

Ons sien dat Jesus in gesprek is met die Jode wat in Hom glo (vs 31). Tog word dit uit die gesprek gou duidelik dat hierdie “gelowiges” nie kinders van God is nie, maar dat hulle kinders van die duiwel is (vs 44).

Hoe is dit moontlik dat ’n “gelowige” dalk ’n kind van die duiwel kan wees? Dit is omdat nie alle “gelowiges” ware gelowiges is nie. Reeds in Johannes 2:23-35 sien ons dat daar mense was wat deur Jesus se wonders vir ’n oomblik tot “geloof” gekom het, maar wat nie waarlik gelowiges was nie. Hulle het net ’n emosionele oplewing beleef. Ook in Johannes 6:66 lees ons van mense wat net tydelik tot geloof gekom het, maar wat gou weer die rug op ons Here Jesus gedraai het.

Ons moet dus onderskei tussen vlugtige, verbygaande en emosionele bekering en geloof, en ware wedergeboorte en geloof wat God deur sy Woord en Gees, op sy tyd, in sy kinders werk.

Moet ek egter nou my lewe lank twyfel of ek ’n ware gelowige is? Nee! God leer ons in sy Woord wat ’n ware geloof is: Dit is vasstaande kennis van alles wat God in sy Woord openbaar, en ook ’n vaste vertroue daarin ... veral dat ek vergifnis van sondes ontvang het op grond van dit wat Jesus vir my aan die kruis gedoen het (HK So. 7; Heb. 11:1). En so ’n ware geloof word gekenmerk deur geloofsdade of vrugte van geloof wat in my lewe al hoe meer sigbaar word (vs 42, 47; HK Sondag 22-32). Jy is dus nie maar tydelik aangedaan oor Jesus se woorde nie, maar jy bly altyd getrou aan Jesus se woorde (vs 31). Jy bly getrou aan Jesus se woorde, omdat jy in Jesus Self ingeplant is, en in Hom gewortel is, en daarom dra jy baie vrugte van geloof (Joh. 15:4; Kol. 2:7).

*Sing: Skrifberyming 14-1:1-2*

*Ds. LM (Marcel) Floor (Sasolburg)*